Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | Maart 2019

AfriForum Tydskrif

AFRIFORUM 911 • AFRIFORUM 911

## Wie gaan jy bel?




ISSN 2313-1144
9 772313 114002
R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede



# Baie dankie . . . Jý maak suksesse en AfriForum 911 moontlik!

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum

@kalliekriel

Baie dankie dat jy as lid 'n belangrike deel van die AfriForum-span vorm! Elkeen van ons wat deel is van AfriForum se meer as 217 000-ledetal is ook aan mekaar dank verskuldig dat ons bereid is om saam te staan om 'n beter toekoms te bou vir elkeen van ons en ons gesinne, families, gemeenskappe en nageslagte. Saam is ons sterker en saam skep ons hoop.

Die agteruitgang en onreg wat ons om ons sien, kan ons nie moedeloos maak as ons die wete het dat ons met genade van Bo, AfriForum se plan vir groeiende gemeenskapselfstandigheid, die slaankrag en uitvoerende vermoë wat 217 000 lede bied én harde werk nie ondergekry kan word nie.

## AfriForum moet al hoe meer doen!

AfriForum se werksaamhede het die afgelope aantal jare drasties toegeneem en die situasie in die land vereis dat ons vinniger selfs nog meer sal moet doen. Die groei in AfriForum se aantal projekte en veldtogte, asook die rits suksesse wat tot dusver behaal is, is byna uitsluitlik moontlik gemaak deur elkeen van ons as lede se maandelikse finansiële bydraes.

Die regering se onbevoegdheid en korrupsie laat groot leemtes ontstaan, wat AfriForum so goed moontlik probeer vul met die hulpbronne tot ons beskikking. Anders as die staat kry ons nie belastinginkomste nie. Ek weet egter dat ek en al AfriForum se lede veel meer waarde uit ons maandelikse bydrae aan AfriForum kry as wat ons uit ons belasting aan die staat kry. Dít is moontlik omdat AfriForum ons rande rek en met die hulp van sowat 9 000 vrywilligers redelik baie met relatief min kan regkry.

## Die AfriForum 911-noodknoppie is hier!

Die steeds groeiende misdaadkrisis vereis dat AfriForum ook meer sal moet doen om ons lede, hulle gesinne en gemeenskappe te help beveilig. AfriForum het oor die afgelope drie jaar sowat R50 miljoen spandeer om 'n stewige veiligheidsnetwerk van meer as 132 buurtwagte met letterlik duisende vrywillige patrolleerders, honderde opleidingsessies, 'n omvattende nasionale radionetwerk en beheersentrums daar te stel. Nóg meer moet gedoen word om ons veiligheidsnetwerk te versterk en uit te brei.

AfriForum wil ook 'n groter klem plaas op die persoonlike veiligheid van ons lede en hulle gesinne. Juis daarom word die AfriForum 911-noodknoppie vir jou selfoon omvattend in hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* bekend gestel.

## Verhoging in ledegeld

Ek kan met trots terugvoer gee dat AfriForum sedert die organisasie se ontstaan 13 jaar gelede nog elke jaar skoon oudits van ons ouditeurs ontvang het. Ook wys die jongste ouditverslag dat die organisasie se finansies gesond is. Ons kon dit regkry deur ons sente om te draai, asook danksy gesonde finansiële bestuur. Die feit dat omstandighede vereis dat AfriForum al hoe meer op veiligheids- en ander terreine moet doen, tesame met inflasie, beteken egter dat AfriForum nie altyd alles kan doen wat nodig is nie.

In die mark daarbuite is dit staande praktyk dat maatskappye hulle produkte se pryse verhoog, versekeringsmaatskappye polisse se premies opwaarts aanpas en lede-organisasies hulle lidmaatskapgelde verhoog. AfriForum daarenteen het nie 'n vaste ledetarief nie en laat dit oor aan elke lid om 'n bydrae te maak wat sy/haar situasie toelaat binne die moeilike ekonomiese omstandighede. Gevolglik is die jaarlikse verhogings in AfriForum-ledegeld op 1 Januarie ook vrywillig.

AfriForum is daarom dankbaar dat slegs 'n klein persentasie van lede aangedui het dat hulle nie hul bydraes met 7% wou of kon verhoog toe lede tydens Desember 2018 per SMS daarna gevra is nie. AfriForum versoek dat lede te enige tyd die vrymoedigheid moet neem om ons te kontak sou hulle die jaarlikse voorgestelde verhogings gedurende Januarie nie kan bekostig nie of selfs as hulle hul ledebydrae weens hul finansiële omstandighede wil verlaag. AfriForum-hoofkantoor se telefoonnommer is **086 10 200 30**. Terugvoer is ook van enkele lede ontvang dat hulle nie die genoemde SMS in Desember ontvang het nie. Die SMS'e is gestuur aan al die selfoonnommers op AfriForum se lededatabasis. Indien jy nie 'n SMS ontvang het nie, mag dit wees dat jou telefoonnommer verkeerdelik op ons databasis verskyn. Stuur asseblief jou nuwe besonderhede na **ledesake@afriforum.co.za** of besoek **www.afriforum.co.za/operasie-opdateer** om dit self op te dateer.

## Projek 250 000: Jy kan help!

Die belangrikste meganisme om AfriForum sterker te maak om nog groter suksesse te behaal, bly natuurlik om nuwe lede aan te sluit. Jy kan help deur jou vriende en familie te vra om by AfriForum aan te sluit en hul kontakbesonderhede na **32041** te SMS of dit by **www.afriforum.org** in te voer. AfriForum sal hulle dan skakel en telefonies aansluit.

## Vriende van AfriForum/ Friends of AfriForum

Dit is nou ook moontlik vir mense in die buiteland om AfriForum te ondersteun deur 'n "Vriend van AfriForum" te word. Indien jy familie, vriende of kennisse in die buiteland het wat AfriForum moontlik op dié wyse sal wil steun, kan jy die skakel **www.friendsofafriforum.com** aan hulle bekendstel.